

2 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 40

Fokusgedeelte: Psalm 40:4,9

Alleen deur die Gees kan ek God met woord en daad eer

Wat dink die wêreld van ons as gelowiges? Sien en hoor hulle dat ons dikwels die teenoorgestelde doen van wat ons sê? Watter skewe beeld van Christus se Bruid sien hulle nie soms nie! Dit mag nie! Dit is belangrik dat ons die regte beeld uitdra. So was dit vir Dawid. Wat hy sê en doen, is bedoel om God te eer. Hy doen dit deur aan God erkenning te gee (vers 6): “Here, my God, U het baie wonderlike dinge gedoen ...” In vers 10 pas hy God se wonderdade op sy eie lewe toe: “U het my verlos.” In vers 11 gee hy aan God erkenning: “Oor u goedheid en trou het ek in die gemeente nie stilgebly nie.”

Dit is hierdie kennis wat Dawid daartoe bring om te besef dat God nie ons offers wil hê nie. Wat God wil hê, is dat ons erkenning nie net by woorde sal bly nie, maar sal oorloop in dankbare gehoorsaamheid. Dat dit Dawid se begeerte is, is nie vanselfsprekend nie. God het hom met sy Gees gelei. Ons lees daarvan in 1 Samuel 16:13: “Samuel het die horing met olie gevat en hom [Dawid] voor sy broers gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk.” So kon Dawid met woord en daad God die eer en dank gee wat Hom toekom.

Besef jy dat God wonderlike dinge gedoen het en nog steeds doen? Ons kan Hom die erkenning daarvoor gee, want met Pinkster is al die gelowiges ook met die Gees van die Here gesalf en werk Hy kragtig in ons. Ons is dus ook in staat om met woord en daad aan God die eer te gee. Doen dit sodat die wêreld die regte beeld van Christus se Bruid sien.

Sing: Psalm 40:2,4 Ds JA du Preez (Empangeni)